

Eerste Skrywers

LAASTE STEM


UIT

DIE GENOOTSKAP VAN REGTE AFRIKANERS


DEUR

G. R. von WIELLIGH

Lid van dié Genootskap



UITGEWER: J. L. van SCHAIK



DIE SKRIJWER.

INHOUD.

Voorwoord:—"Ds. S. J. du Toit in Weg en Werk".

AFDELING I. :—	BLADZ.
Hoofstuk I. Die Aanleiding tot Optreding	1
" II. Die Invloed van die heersende Toestande ..	7
" III. Hoe die Taalbeweging begin het	13
" IV. Oprigting, Doel en Strewe van die Genootskap	19
" V. Hoe die Beweging begroet werd	23
" VI. "Die Afrikaanse Patriot" groei onder ◦ Verdrukking	27
" VII. "Patriot," "Ons Klijntjie" en "Ons Taal"	34
Slotwoord (Afdeling I.).	

AFDELING II. :—	
Hoofstuk 1.—'n Vrindelijke Versoek	47
" 2.—Die Genootskap bestaan nog	48
" 3.—Vergaderings van die Genootskap	53
" 4.—Die Vrouwelike Invloed op ons Taal	57
" 5.—Bijbelvertaling in Afrikaans	62
" 6.—Afrikaans als Skriftaal	67
" 7.—Keus van Woorde en Uitdrukkings	74
" 8.—Gebruik van Vreemde Woorde	80
" 9.—Die Genootskap en Hollands	85
" 10.—Die Genootskap en Engels	90
" 11.—Die Genootskap en Maleis-Portugees	94
" 12.—Die Genootskap teenoor Plattaal	97
" 13.—Nasionale ontwaking	102
" 14.—Oorsake van Teenstand	107
" 15.—Digtens en Rijmers	111
" 16.—Verskil in Spreektaal	113
" 17.—Die Vrug van Arbeid	117
" 18.—Die oue en nuwe Beweging	122

AFDELING III. :—	
Toeligtig	129
A.—Brief van 'n Lid van die Gen. v. Reg. Afrikaners ..	130
B.—Brief ook deur vorige Skrijwer	133
C.—Brief weer van die selfde Skrijwer	135
D.—Brief van mnr. C. P. Hoogenhout	136
E.—Brief van mnr. C. P. Hoogenhout	138
F.—Brief van mnr. C. P. Hoogenhout	139
G.—Brief van mnr. Gid. J. Malherbe	139
AA.—Bijdrae deur President F. W. Reitz	141
BB.—Bijdrae deur mnr. C. P. Hoogenhout	143
CC.—Laatste Snikke van Maleis-Portugees aan die Kaap ..	150
DD.—Bijdrae deur 'n Lid van die ou Genootskap	156

AFDELING IV. :—	
Skrijwers buite die ou Genootskap: Melt J. Brink	158

VOORWOORD.

Dit was nie uit die staanspoor in ons plan begryp om hierdie geskrif in boekvorm uit te gee nie. Maar ons het gemeen dat dit voldoende sal wees om ons bijdrae aan "Die Brandwag" vir publikasie te oorhandig en dit dan daar te laat berus. Want hierdie tydskrif, onder die bekwame redaksie van Dr. W. M. R. Malherbe, staan in Suidafrika vir sij letterkundige gehalte hoog aangeskrywe.

Nouveliks het 'n paar van ons hoofstukke in gemelde tydskrif verskijn of ons werd in private briewe uit verskeie oorde versoek om tog ons mededelings in boekvorm te bewaar. Hierdie versoek was nie alleen deur belangstellers in die Afrikaanse Taalbeweging aan ons gerig nie; maar ook deur lede van die ou Genootskap. Dit maak ons toe meteens indagtig, dat 'n dergelyke roepstem ons reeds tevore bereik het. (Sie b.v. Brandwag 1 Julie, 1913, en Okt., 1917, en andere versoeke in die drukpers).

Welwillend en instemmend het ons vir ons eindelik laat verbid om hierdie verantwoordelike taak op ons skouers te neem, terwyl ons inmiddels oortuig is dat ons nie juis die bekwaamste aangewese persoon daarvoor is nie, dog het liewers gesien dat bekwamer manne uit die ou taalgarde, soos President Reitz, Oom Lokomotief, mnr. C. P. Hoogenhout of andere hulle geofende penne daaraan gewaag het. Nou eenmaal met strop om ons nek, moet ons maar sien om wurg-wurg deur te worstel; maar vertrouw tewens dat ons in die arms van 'n genadige beoordeling sal val; want ons is daar vas van bewus, en hierdie vermoeding druk ons sterk, dat hierdie boekie baing radjies sal aanraak, wat nie sal wil meedraai nie. Maar ons bied die hand van versekering aan, dat die radjies reeds bestaan het en nie deur ons daar geplaas is nie.

In ons skrywe aan “Die Brandwag” het ons getrag om misverstand aangaande die doel, strewe en mikpunt van die Genootskap duidelik uit een te sit en die te verklaar. Want daar het altyd ’n gedagte bestaan, dat die beoordelaars van die letterkundige voortbrengsels van die Eerste Skrywers ’n bietjie verwar geraak het tussen die spinnerakke, wat die *doel* en die *gehalte* saam weef. Ons het getrag om aan te toon dat die doel was om leesstof van gemaklike verteerbaarheid aan die minder bevoorregtes te lewer—van die soort “Ons skryf soos ons praat.” Want dit sou tog ’n bietjie te onverstandig gewees het om meteens die vaandel van praalskrif en verhewenheid oor die swakke lesers hulle hoofde te ontplooi.

Maar eer ons verder gaan, laat ons toe om die vensters van ons hart wijd oop te slaan om te laat uitstraal dat fyngevoeligheid omtrent die uitgebragte beoordeling oor die eerste geskifte glad nie ’n drijfveer was nie, wat ons tot skrywe aangesit het; want daarvoor was die velle van die ou lede te gevoelloos geword, weëns die gedurige kruisvuur van beoordeling en veroordeling, waaronder hulle steeds deurgedraf het. Ons het net gemeen om ’n sterker lig op die beeld voor ons te draai, sodat die skaduwee met die ligstrale saam meehelp om die beeld naar waarde en verdienste op prijs te stel. Verre is dit van ons om vir een oomblik te wil beweer, dat die arbeid en voortbrengsels van die ou Genootskap vèr bo beoordeling verhewe is. Seker nie, en nogmaals nee; want die lede is die eerste om te erken dat hulle nalatenskap die kentekens van onvolmaaktheid dra, daar hulle almaal nuwelinge op ’n onbewerkte veld was—ongeoefende hande in ’n nuwe onderneming is mos iets wat onmoontlik kan bestaan.

Het ons kon raai dat ’n versoek ons sou bereik om ’n boek te skrywe, dan het ons voorwaar ons bouwplan anders ingerig. Maar nou dat die eerste deel reeds in druk verskijn het, staan daar gin ander weg vir ons oop als om *aan te las*, waardeur ons noodwendig tot *herhalings* gedrijwe word; dog vertrouw, met dit voor ons, dat dit nie tot groot aanstoot sal lei nie, want ons wil trag om die hart van die Genootskap bloot te lê en dan ieder polslag te volg tot waar dit met lewenskrag klop.

Het ons in ons poging om te oortuig nie geslaag nie, dan twijfel ons daar hard aan of 'n ander uit die ledetal sij hand daaraan sal waag; want hulle word oud en hijg naar verdiende rus van arbeid waaraan hulle hart, hand en beurs geskenk het sonder te droom om 'n rijpe oes daarvan te verwag. So moet hierdie geskrif beskou word als die *laaste stem* uit die ou Genootskap van Regte Afrikaners.

'n Ander aansporing, wat ons daartoe aangesit het om die pen op te neem, was die hoop en verwagting dat dit nuwe krag en lewe in die beweging sal ingiet; want o, daar is nog baing, ja baing om die mouwe voor op te rol. Ons wens die nuwe strijers voorspoed in hulle volharding, en daar hulle in hulle geledere geleerder taalkundiges besit als die ou fondament-lêërs, so word dit ook van hulle verwag om trouw te staan, met moed te veg totdat Afrikaans tot sij volle regte gekom het.

DIE SKRIJWER.

P.K. Hendrina, Transvaal.

“ DS. S. J. DU TOIT IN WEG EN WERK.”

Deur Prof. Dr. J. D. du Toit.

Dat ons geleentheid vind om naar bogenoemde uitmuntende werk van Prof. du Toit te verwijs, is net om bekend te stel dat die werk in hande van sij drukker was, toe ons stukke oor die “Eerste Skrywers van Afrikaans” in “Die Brandwag” verskijn het. Dus het die een skrywer sonder die wete van die ander geskrywe, en dus was die een nie onder die invloed van die ander gekom nie. Dit is miskien beter so, waardeur die waarde van die mededelings verhoog word. Ieder boek was met 'n afsonderlik doel geskrywe; die van Dr. du Toit gee die lopende geskiedenis van die Taalbeweging tot die dood van sij vader, Ds. S. J. du Toit, terwyl die van ons die standpunt en strewe van die ou Genootskap trag duidelik te verklaar, derhalwe het ieder boek sij eie afsonderlike waarde.

DIE SKRIJWER.